CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

STAD KAAPSTAD

KONSEPVERORDENING OP GRAFFITI

Om vir die verbod op graffiti binne die regsgebied van die Stad Kaapstad voorsiening te maak; om vir die verwydering van graffiti en die herstel van oppervlakke wat deur graffiti geraak word, voorsiening te maak; en om vir aangeleenthede wat daarmee verband hou, voorsiening te maak.

AANHEF

NADEMAAL die Stad ingevolge artikel 156(1), gelees met skedule 5 van die Grondwet, die reg het om ’n openbare oorlas en reklameborde en die vertoon van advertensies op openbare plekke te administreer;

NADEMAAL graffiti die lewensgehalte van alle inwoners en besoekers raak, en ’n openbare oorlas uitmaak wat aan die beeld van die Stad, wêreldwyd om sy prag bekend, afbreuk doen en dit ’n minder gewenste plek maak om te besoek en in te leef en te werk;

EN NADEMAAL die Stad vir die verwydering van graffiti op openbare sowel as privaat eiendom, die herstel van sodanige eiendom, en die beskerming van openbare en privaat eiendom teen dade van graffitivandalisme voorsiening wil maak;

WORD DAAR DUS NOU soos volg deur die raad van die Stad Kaapstad **VERORDEN**:

DEFINISIES

1. In dié Verordening sal die volgende woorde en frases, tensy die konteks die teendeel bewys, die betekenis hê wat daaraan toegeskryf word, en

beteken **"aanbring"** verf, met inbegrip van spuitverf, teken, skryf, merk, graver, ets, krap of andersins aanbring of uitdruk, op enige natuurlike of mensgemaakte oppervlak deur die gebruik van welke graffitigereedskap ook al, en het **“aanbring”, “aangebring”** en **“aanbrenging”** ooreenstemmende betekenisse;

beteken **“eienaar”**–

(a) die eienaar van enige eiendom of enige persoon op wie se naam die grond waarop ’n gebou opgerig is of word, by die Aktekantoor geregistreer is;

(b) enige persoon wat as agent, of andersins, die bestuur, instandhouding of invordering van huurgeld of ander gelde ten opsigte van die eiendom behartig; en

(c) enige persoon wat daarop geregtig is om voordeel uit die gebruik van sodanige grond of gebou te trek, of wat sodanige voordeel geniet;

beteken **"gemagtigde amptenaar"** 'n werknemer van die Stad wat vir die toepassing van dié Verordening verantwoordelik is;

beteken **"graffiti"** enige enkele of kombinasie van enige inskripsie, woord, syfer (anders as 'n syfer wat 'n straatnommer aantoon), letter, teken, simbool, skets, prent, tekening, muurskildering of ontwerp wat op enige natuurlike of mensgemaakte oppervlak op enige gebou aangebring word en wat 'n persoon van 'n openbare plek af kan sien, en wat nie deur die Stad gemagtig is nie;

beteken **"graffitigereedskap"** 'n spuitverfhouer, 'n breëpuntmerker, plaketiket, etstoerusting, kwas of enige toestel wat 'n sigbare merk op 'n natuurlike of mensgemaakte oppervlak kan laat of dit kan skend;

beteken **"muurkuns"** kuns in die vorm van 'n skildery wat regstreeks op 'n muur aangebring is;

beteken **"natuurlike oppervlak"** die oppervlak van enige rots, boom of ander natuurlike verskynsel;

beteken **"openbare eiendom"** vaste eiendom wat deur 'n staatsinstelling besit word;

beteken **"openbare plek"** enige openbare pad, openbare straat, deurgang, brug, duikweg, looppad, voetpad of sypaadjie of soortgelyke voetgangergedeelte van 'n padreserwe, steeg, plein, oop ruimte, tuin, park of omheinde plek waaroor die Stad of ander staatsowerheid beskik, of wat op enige amptelike rekords as sodanig aangedui word;

sluit **"persoon"** enige staatsinstelling, regs- of natuurlike persoon in, met inbegrip van maatskappye wat ingevolge enige wet as sodanig geïnkorporeer of geregistreer is, en enige groep persone, hetsy geïnkorporeer al dan nie, wat om welke rede ook al as enkele entiteit funksioneer;

beteken **"privaat eiendom"** vaste eiendom wat deur 'n privaat persoon besit word;

beteken **"staatsinstelling "** -

(a) enige staatsdepartement of -administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer; of

(b) enige ander ampsbekleder of instelling -

(i) wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n funksie verrig ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet; of

(ii) wat ’n openbare bevoegdheid uitoefen of ’n openbare funksie verrig ingevolge enige wetgewing, maar met uitsluiting van ’n hof of ’n regterlike beampte;

beteken **“Stad”** die Stad Kaapstad wat ingevolge Provinsiale Kennisgewing 479 van 22 September 2000 tot stand gebring is ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998, met inbegrip van enige komitee of subkomitee of subraad wat deur die Stad gestig is, of enige werknemer of behoorlik gemagtigde agent van die Stad wat in verband met dié Verordening optree uit hoofde van ’n bevoegdheid wat in die Stad setel en aan sodanige werknemers of agent gedelegeer is;

beteken **“verwyder”** die herstel tot volle bedoelde funksie tot dieselfde of beter toestand as voor die aanbring van graffiti, tot bevrediging van die Stad, en het **“verwyder”**, **“verwydering”** en **“is verwyder”** ooreenstemmende betekenisse;

beteken **“voldoeningskennisgewing”** ’n kennisgewing wat ingevolge artikel 4 uitgereik is.

VERKLARING VAN OORLAS

2. Die Stad verklaar die bestaan van graffiti op enige plek binne sy regsgebied as openbare oorlas, wat ingevolge dié Verordening aan verwydering onderhewig is.

VERBOD

3.(1) Onderhewig aan artikel 9, mag geen persoon binne die regsgebied van die Stad graffiti aanbring of laat aanbring op enige –

(a) eiendom;

(b) natuurlike oppervlak; of

(c) muur, heining, struktuur of voorwerp in enige straat of ander openbare plek nie.

(2) Enige persoon wat die persoon waarna in subartikel (1) verwys word, help of bystaan om graffiti soos hierin bedoel, in stryd met dié Verordening aan te bring, is aan ’n misdryf skuldig.

VOLDOENINGSKENNISGEWING

4.(1) Die Stad kan, waar ’n persoon artikel 3 oortree het, ’n kennisgewing aan sodanige persoon beteken wat hom/haar beveel om die graffiti te verwyder teen ’n datum wat in die kennisgewing gespesifiseer word, en sodanige kennisgewing moet -

(a) die adres of ligging van die eiendom, die natuurlike oppervlak of enige struktuur of voorwerp spesifiseer waarop die graffiti aangebring is;

(b) die graffiti wat aangebring is, in algemene terme beskryf; en

(c) meld dat as die betrokke graffiti nie in ooreenstemming met die kennisgewing verwyder word nie, die Stad, of ’n buite-agent wat deur die Stad aangestel is, sodanige verwydering kan doen op koste van die persoon aan wie die kennisgewing geadresseer is.

(2) Die Stad mag, waar dit nie moontlik is om die identiteit te bepaal van die persoon waarna daar in subartikel (1) verwys word nie, ’n kennisgewing aan die eienaar beteken wat vereis dat hy/sy die graffiti bedoel in subartikel (1) verwyder.

(3) Enige koste wat die Stad ingevolge subartikel (1)(c) aangaan, soos gesertifiseer deur ’n bevoegde owerheid in die Stad, maak ’n likiede eis ten gunste van die Stad uit, wat in ’n hof met jurisdiksie verhaalbaar is.

(4) Waar die verhaling van die koste waarna in subartikel (3) verwys word -

(a) ’n finansiële las op die eienaar van ’n eiendom sal oplê wat die vermoë of finansiële kapasiteit van sodanige eienaar te bowe gaan; of

(b) dieselfde eiendom herhaaldelik raak;

kan die gemagtigde amptenaar, onderhewig aan enige wet of enige beleid van die Stad, al die koste wat aangegaan is, of ’n deel daarvan kwytskeld.

PLIG VAN EIENAAR

5.(1) Elke eienaar en elke bewoner van eiendom moet te alle tye enige muur, heining, gebou, struktuur of voorwerp wat op sodanige eiendom geleë is, vry van graffiti hou.

(2) Elke eienaar van eiendom moet enige onooglike aanwas van graffiti van sodanige eiendom verwyder binne 10 dae nadat die eienaar van die graffiti op sy of haar eiendom bewus geword het.

BETEKENING VAN KENNISGEWINGS

6.(1) Waar ’n voldoeningskennisgewing aan enige persoon ingevolge artikel 4 beteken word, word dit geag behoorlik aan sodanige persoon beteken te wees, as dit

(a) persoonlik aan hom of haar, of in die geval van ’n regspersoon, aan ’n persoon wat klaarblyklik by sy geregistreerde kantoor in diens is, beteken is;

(b) by sy of haar woonplek of sakeonderneming beteken is aan ’n persoon wat klaarblyklik ouer as sestien jaar is;

(c) per geregistreerde of gesertifiseerde pos na sodanige persoon se laaste bekende woon- of sakeadres gepos is, soos dit in die Stad se

rekords of dié van die Aktekantoor verskyn, of in die geval van ’n regspersoon, na sy geregistreerde kantoor gestuur is, en bewys gelewer word dat dit gepos is;

(d) op een van bogenoemde wyses aan die agent of verteenwoordiger van sodanige persoon in die Republiek beteken is, as ’n adres in die Republiek onbekend is;

(e) as dit op ’n duidelik sigbare plek aangebring is op die eiendom waarop dit van toepassing is, vir ’n tydperk van veertien kalenderdae, as die adres en die agent onbekend is.

(2) Die versuim om ’n kennisgewing behoorlik aan enige persoon te beteken, soos daar ingevolge dié Verordening vereis word, sal geen regstappe wat ten opsigte van dié Verordening ingestel word, ongeldig maak nie.

REG VAN TOEGANG

7. Waar ’n eiendom nie in ooreenstemming met artikel 5 in stand gehou word nie, kan ’n gemagtigde amptenaar die eiendom betree en die graffiti verwyder, met dien verstande dat hy of sy die eienaar eers minstens 15 dae vooraf per geregistreerde pos na die eienaar se laaste bekende adres kennis gee, of deur ’n kennisgewing op die eiendom aan te bring.

KOSTE

8.(1) Die Stad hou boek van al die koste waarna daar in artikel 4 verwys word, met inbegrip van alle regstreekse en onregstreekse uitgawes wat aangegaan is om graffiti te verwyder, en lewer ’n rekening van sodanige koste aan die persoon wat vir die verwydering van graffiti verantwoordelik is, sodra dit verwyder is.

(2) As die koste en uitgawes, of enige gedeelte daarvan, wat die Stad by die verwydering van die graffiti aangegaan het, na 30 dae, bereken van die datum waarop die rekening ingevolge subartikel (1) gelewer is, steeds onvereffen bly, maak sodanige koste en uitgawes ’n munisipale diensteheffing uit soos bedoel in artikel 118(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000.

PERMITTE VIR MUURKUNS EN -VERSIERINGS

9.(1) Enige persoon wat beoog om enige enkele of kombinasie van enige inskripsie, woord, syfer, letter, teken, simbool, skets, prent, tekening of ontwerp op enige natuurlike of mensgemaakte oppervlak op enige eiendom aan te bring, wat ’n persoon van ’n openbare plek af kan sien, moet skriftelik by die direkteur: kuns en kultuur, direktoraat: ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling en toerisme, om ’n permit aansoek doen om dit te doen.

(2) Die aansoek om ’n permit waarna in subartikel (1) verwys word, moet van bewys van toestemming deur die eienaar van die eiendom, belanghebbendes en partye wat geraak word, en omliggende eiendomseienaars vergesel word.

(3) In die aansoek moet volledige besonderhede rakende die motivering vir die aanbring van die inskripsie, woord, syfer, letter, teken, simbool, skets, prent, tekening en muurskildering verstrek word, asook besonderhede van die beoogde grootte daarvan, die materiaal en gereedskap wat gebruik gaan word, en ’n akkurate beeltenis, illustrasie of beskrywing van die beoogde werk.

(4) Die direkteur: kuns en kultuur, direktoraat: ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling en toerisme, moet by ontvangs van die aansoek waarna daar in subartikel (1) verwys word, oorleg pleeg met enige departement van die Stad of persoon wat geraak word.

(5) Die Stad kan sodanige aansoek van die hand wys of toestaan, onderhewig aan sodanige voorwaardes na gelang hy kan oplê, en moet die aansoeker binne 30 dae skriftelik van sy besluit in kennis stel.

(6) Ingeval die Stad sodanige aansoek toestaan, sal ’n skriftelike permit aan die aansoeker uitgereik word, onderhewig aan sodanige voorwaardes na gelang die Stad kan oplê.

(7) Die Stad kan bepaalde ruimtes aanwys wat vir sodanige muurkuns gebruik mag word, en dié ruimtes sal in oorleg met die betrokke gemeenskappe, wyksforums en subrade geïdentifiseer word.

(8) ’n Persoon kan skriftelik by die direkteur: kuns en kultuur, direktoraat: ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling en toerisme, aansoek doen om ’n aangewese ruimte waarna daar in subartikel (7) verwys word, vir ’n tydperk van drie maande te gebruik, en

(a) kan gemagtig word om ’n aangewese ruimte vir muurkuns of -versierings te gebruik;

(b) moet die kuns of versierings na verstryking van die driemaandetydperk verwyder;

(c) kan om ’n driemaandeverlenging van die magtiging aansoek doen.

(9) Die Stad kan te eniger tyd die onmiddellike verwydering van enige muurkuns of -versiering versoek. Die Stad behou hom ook die reg voor om enige muurkuns of -versiering te eniger tyd te verwyder.

BOETES

10.(1) Enige persoon wat ingevolge artikel 3 van dié Verordening aan ’n misdryf skuldig bevind word,

(a) is by skuldigbevinding aan ’n eerste misdryf aan ’n boete van R10 000 of tronkstraf van 3 maande blootgestel;

(b) is by skuldigbevinding aan ’n tweede misdryf of daaropvolgende misdrywe aan ’n boete van R20 000 of tronkstraf van 6 maande blootgestel, of aan sodanige boete sowel as sodanige tronkstraf.

(2) Benewens ’n boete bedoel in subartikel (1), is die veroordeelde blootgestel –

(a) daaraan om ’n bedrag gelykstaande met die koste of geraamde koste van die verwydering van die graffiti van die betrokke eiendom te betaal, en waar die koste van die verwydering van die graffiti van die betrokke eiendom deur die Stad of die eienaar van die eiendom gedra is, om die bedrag wat dienooreenkomstig gelas word, aan die Stad of die eienaar te betaal, na gelang van die geval;

(b) aan ’n verdere boete wat die hof toepaslik ag by versuim van betaling van die voorgeskrewe bedrag aan die Stad of die eienaar van die eiendom, na gelang van die geval.

(3) In die geval van ’n voortgesette misdryf, word die veroordeelde aan enige bykomende boete blootgestel wat die hof toepaslik mag ag.

(4) ’n Hof wat ’n persoon aan ’n misdryf ingevolge dié Verordening skuldig bevind, kan ’n alternatiewe vonnis as toepaslike straf oplê.

KORT TITEL

11. Dié Verordening staan as die Stad Kaapstad: Verordening op Graffiti bekend.